

- JOHNSTON SERPE . . 7/6
- PALM BEACH DASSE . 5/9
- AMERIKAANSE
OORTREKJERSIES
- DIE EIKESTADWINKEL
(EDMS.) BPK.
- Onthou ons Snyersafdeling in
CUTHBERT se Geboue.

DIE Matie



STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL I. No. 5.

VRYDAG, 29 MAART 1946.

Prys 1d.

Dr. J. F. J. van Rensburg Sê:

Die Staat Moet Rus Op Die Natuurlike Magsorganisasies

Die fanaties nasionale karakter van die Ossewabrandwag, saamgeskakel met 'n doelbewuste en aktiewe sosialistiese rigting, die noodsaaklikheid van die daarstelling van 'n beroepsverteenvoordigende staatsvorm, en die absolute behoefte aan 'n volksfront het die kern gevorm van die toespraak van dr. J. F. J. van Rensburg, Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag, verlede Saterdagmiddag in die Stadsaal.

Hierdie toespraak was inspirerend vir elke lid van die Beweging; stimulerend vir elkeen wat nie lid is nie, maar nugter staan in sy oordeel oor volks- en staatsake.

Ons noem net die kernfeite.

NASIONALISME

Die O.B. is fanaties nasionaal. Sy optrede in die oorlogsjare bewys dit. In 1941 is die storie die wêreld ingestuur dat die O.B. aan die Empire skakel. Vandag sê dieselfde mense wat destyds die bewering gemaak het dat die O.B.-lede die oorlogsmisdadigers van die afgelope jare is. Eers die O.B. by sy eie volk beklad met die bewering dat dit aan die Empire skakel. Nou die O.B. aan die vyand uitlewer omdat dit te min met die Empire geskakel het.

SOSIALISME

Die O.B. het iets nuuts in die volk ingedra, die sosialistiese gedagte. £85,000 ingesamel vir hulp aan afhanklikes van geïnterneerde mede-Afrikaners is een bewys aan sy eie sosialistiese kragdadigheid. Sy sosialistiese roeping vloei voort uit die bewussyn dat die Afrikanervolk stadig oorgaan in 'n arbeidende klas. Daarom moet 'n klaslose, partylose staat gevorm word.

DIE NUWE VORM

Dit is die nuwe inhoud. Daar is 'n nuwe vorm nodig! Daar is magsorganisasies in enige land wat wortel geskiet het in die volkslewe en wat jy nie kan afskaaf nie omdat hulle die kern van die volksbestaan is. Hierdie magsorganisasies is die boere, die nyweraars, die handelaars en andere. Sonder hulle sal die volk sterf. Daarom dan kunsmatige, haatverspreidende politieke partye skep as jy hierdie magsorganisasies reeds besit? Die boere moet deur 'n boer, die handelaar deur 'n handelaar en die nywerheid deur 'n nyweraar verteenwoordig

word. Dit is beroepsverteenvoordiging.

Elke groep sluit almal in wat van dié beroep afhanklik is, b.v. van die bestuurder tot die kantoorjong in die handelsgroep.



Dr. J. F. J. van Rensburg

Elk van dié magsgroepe is onderling aan mekaar verbind, van mekaar afhanklik, nie vyandig soos politieke partye nie. As die volk op dié wyse verteenwoordig word, skakel dit alle vyandskap en twis uit.

As die verteenwoordigers gekies word volgens beroepsverteenvoordiging, dan kies die volk die beste manne en nie die grootste partymanne nie.

DEUR VOLKSFRONT NA

EENHEID

Die verwesenliking van dié beroepsverteenvoordiging kan alleenlik verkry word deur propagering tot dat die idee inslaan by die volk, en deur

Met Klavier en Grammofoon Aan Die Oorlogsfront Oudsoldate en Hul Ondervindinge

„Graag wil ons ons dank en waardering beklemtoon vir die wyse waarop die administrasie van die Universiteit en die studentegemeenskap as geheel, ons behandel en ontvang het. Ons het nie eintlik geweet wat om op Stellenbosch te wagte te wees nie, maar het uitgevind dat ons welkom is. Daarvoor is ons des te meer dankbaar want dit het ons in staat gestel om ons dadelik aan te pas en onmiddellik ware Maties te word.” Dit was die woorde van verskeie oud-soldate in 'n onderhoud met „Die Matie.” Hulle kon nie genoeg praat van die samewerking en offervaardigheid van die registrateur en dosente nie asook van die hartlike gees en tegemoetkoming van die studente.

Hulle het afgryslieke tonele sien afspreek. Hulle het benoude oomblikke deurgemaak, nie allen as gevolg van die vyandelike kanonne, spervuur, bomme en skerpskutters nie, maar ook as vlugtlinge in 'n woestyn, voortgejaag deur die vyand en sandstorms, en in die berge van Italië.

Na die besetting deur S.A. troepe van Caprara — 'n hoë bergreeks nie ver van die plek waar Marconi die radio uitgevind het nie — het o.a. luitenant Pieterse (tans admisstie-student) 'n klavier, grammofoon en pakke Duitse en Italiaanse plate in 'n grot gekry. Die besetting het slegs enkele minute geduur maar meer as een peleton is uitgewis en die Duitse offisier in bevel het van 'n krans afgespring om krygsgevangenskap vry te spring.

Behalwe die kennismaking met die dood op die slagveld, het hulle ook die geleentheid gehad om groot gedeeltes van die buiteland te deurreis. Daar is b.v. Ted Ellis wat vier reise na Palestina alleen onderneem het. Onder andere het hy 'n Suid-Afrikaanse Jood, Kramer, daar raakgeloop. Kramer het sy LL.B.-graad aan een van ons Suid-Afrikaanse univer-

siteite behaal en praktiseer op die oomblik in Tel-Aviv, 'n pragtige en moderne Joodse stad.

Paul de Villiers is een van die kerele wat na sy krygsgevangenskap, na Suid-Afrika teruggekeer het en toe na agt maande, in 'n rekordvlug van 2½ dae van Pretoria na die skilderagtige Rome gevlieg het.

Onder die geleedere van Stellenbosch se oud-soldate, is ook persone met letterkundige en joernalistieke talent. Daar is b.v. Johannes Shaw. Hy het die elf myl lange tunnel deur een van die gebergtes in Italië help bou — ons het dit seker almal in die flik gesien — en was redakteur van „The Merry Miner,” 'n maandblad van die ingenieursafdeling. Die leuse van hierdie blad was „Ons Bou tot die Bitter-Einde.” Hy is lief vir dig en ons hoop dat „Die Stellenboschse Student” ook van sy bydraes sal ontvang.

Ten slotte wil die Universiteit ook hul dank betuig aan die oud-soldate vir die wyse waarop hulle hulself tuisgemaak het in „Helderberg,” onder tot 'n mate ongerieflike omstandighede, b.v. ruitelose vensters.

die daarstelling van 'n volksfront wat 'n bondgenootskap tussen alle Afrikanergroepe wat Republikeinsgesind is, teweegbring. As die verskillende politieke organisasies net met mekaar in gelid wil tree sonder prysgewing van hul identiteit, sal daar uit so 'n samewerking al dadelik 'n beter verstandhouding ontwikkel wat tot eenheid sal lei. Die haat sal begin afkoel sodra daar samewerking is. Dit is die kortste pad na volke-eenheid — die kortste en die enigste pad.

„Wapenskou” Verskyn Volgende Vrydag!


Ons verneem dat die eerste uitgawe van die nuwe „WAPENSKOU” volgende Vrydag sy verskynning sal maak. Op dié stadium wil ons niks sê in verband met die inhoud daarvan nie. Alles belooft van die allerbeste, en ons vertrou dat dié progressiewe stap die volste steun sal dra van alle studente en die hele volk.

KOOP WAPENSKOU!

Besoek DIE UITSPAN

Waar die atmosfeer rustig is, die bediening beleefd en flink, die spyse — vanaf 'n koppie koffie tot 'n volledige maaltyd — smaakvol aantreklik en goedkoop

DIE UITSPAN is 'n besoek werd!



Laat ons al u

VERTAAL-, AFROL- en TIKWERK
NET en AKKURAAT
doen.

(Voltydse Proeflesers)

VERTAAL-BURO

Dorpstraat — Asook Birdstraat 13.

MATIES !!!

DE CLERK

Die Droogskoonmaker

GOEIE VINNIGE DIENSTE

BIRDSTRAAT 79, STELLENBOSCH

Gestig 1850

Foon 24

APTEKERS

JOERNING
EN SEUN

(EIENS.) BPK.,

Hoek van

Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH

Die Plaza

Foon 0013

THIS IS THE LIFE

Susanna Foster — Donald O'Connor
Peggy Ryan — Louise Allbritton

VRYDAG en SATERDAG

29 en 30 MAART

MATINEE SATERDAG

KOTZE

VAN KAAPSTAD

Maak Klere

Vir Kêrels

Wat Traak.

ADDERLEYSTRAAT 134

„DIE MATIE“

Alle Korrespondensie aan:

G. J. ROUX,
p/a Dr. Hoge,
Rowanstraat, Stellenbosch.

VRYDAG, 29 MAART 1946

DIE ENIGSTE BASIS

Die gedagtes wat verlede Saterdagand deur dr. J. F. J. van Rensburg uitgespreek is by geleentheid van die Ossewabrandwag-vergadering in die Stadsaal, moet noodwendig die gedagtes van elke student wat die naam werd is, prikkel en stimuleer. Dis hier nie 'n vraag van gesindheid teenoor 'n bepaalde politieke groep nie, slegs 'n saak van redelike denke.

Die regering van ons land rus vandag op kunsmatige politieke groeperinge — partye wat in die eerste plek partybelange verteenwoordig en behartig, belange wat uit die aard van die saak nie die belange van die hele volk kan insluit nie. 'n Party kan nooit die volk as geheel verteenwoordig nie; 'n party kan nie 'n volk in 'n organiese eenheid saambind nie.

Maar in elke staat bestaan daar wel natuurlike magsgroeperinge, en op dié groeperinge rus die wesentlike voortbestaan van die volk self. Daar is die boeregroep, die handelaarsgroep, die nyweraarsgroep, die professionele groep, en so meer, elkeen wat weer in kleiner eenhede onderverdeel kan word. Elkeen van dié groepe het nie alleenlik eenvormige interne belange nie, maar skakel baie nou aan by, is onderling afhanklik van elke ander groep wat 'n aparte belangeseer verteenwoordig. Van die boer is die volk afhanklik vir sy primêre voedselbehoefte; die boer is afhanklik van die handelaar vir distribusie en van die nyweraar vir sy landbougereedskap en skaapdi; die handelaar van die boer en nyweraar vir sy voorrade; die nyweraar van die handelaar en boer as distribueerder en verbruiker. En so skakel die verskillende groepe aaneen in een groot sirkel van gemeenskaplike belang; saam vorm die natuurlike magsgroepe 'n belange-eenheid, saam 'n volksgeheel; en gemeenskapsbelang smee volksseenheid.

Hier lê dus die wese van 'n dubbele ideaal: die wegdoen met volksverbrokkeling deur die najaag van teenstrydige groeps- en partybelange, en die daarstelling van 'n meer ideale staat waar die natuurlike groepe tot die grootste interne en gemeenskaplike voordeel verteenwoordig vind.

Die ideaal kan nie in onmiddellike vervulling tree nie. Die gedagte, nuut in ons land, moet eers diep by die volk van Suid-Afrika insink. Daarvoor is gedurige propagering noodsaaklik. Verder is nodig die verkryging van voorlopige samewerking op 'n grondslag van gemeenskaplike belange en ideale, met behoud van identiteit van elke politieke, of volksgroep. Uit samewerking groei onderlinge respek, en daaruit eenheid. En as eenheid verkry is tussen die verskillende politieke groeperinge sal dit verantwoordelik wees vir die daarstelling van 'n staat wat dié eenheid kan bestendig: 'n staat wat partyloos is en rus op die basiese magsgroepe wat van mekaar afhanklik is, van wie die volk as geheel afhanklik is, wat die volk self is. 'n Boer sal deur 'n boer verteenwoordig word, 'n handelaar deur 'n handelaar, 'n nyweraar deur 'n nyweraar, 'n professionele man deur 'n professionele man, en die groot organiese geheel sal die eenheidsvolk van Suid-Afrika verteenwoordig.

Hartlik Welkom

Graag verwelkom „Die Matie“ 'n kollega, met name „Die Wekroep“ (The Clarion) in die ry van studente-publikasiés. Insonderheid is ons bly oor die verskyning van hierdie blad (waarin die oubekende „C.S.V.-Nuus“ sowel as die „Omnes Unum“ opgeneem is) omdat dit 'n aspek van die lewe van die student en jongmens dek, wat moeilik deur enige blad wat een of ander ideologiese of politieke rigting voorstaan, behartig kan word. Ons stel dan hierdie nuwe maat aan u voor deur 'n grepie uit sy eie inleidings-artikel van Saterdag, 23 Maart 1946:

„As mondstuk van die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika sal „Die Wekroep“ wat aan die begin elke tweede Saterdag verskyn, maar so gou moontlik 'n weekblad behoort te word, hom ten doel stel om veral die jeug te beweeg tot 'n geloof in die Drieënige God volgens die Skrif en tot 'n lewe wat sal laat blyk dat hulle volgelinge van die Here Jesus is. Die blad sal verder meehelp om die werk van die C.S.V. onder eie lede en in wyer kring bekend te maak.“

Hierdie blad, te oordeel na die eerste uitgawe, bied interessante leesstof en nuusartikels van kerklike en stigtelike aard. Dit beslaan twintig bladsye en is pragtig saamgestel sodat die intekengeld van 7/6 per jaar as baie billik beskou kan word.

„Die Matie“ vertrou dat „Die Wekroep“ soos sy voorgangers „Die C.S.V.-Nuus“ en „Omnes Unum“, ten opsigte van sy werk, maar, meer nog, van sy invloed, sal kan sê: „Ampliora et Altiora!“ Hartlik Welkom en alle Voorspoed!

Ontwaak!

(Deur PIET DELPORT)

„Opstand is net so noodsaaklik in 'n volk as getrouheid. Dit is nie eens gevaarlik dat 'n rebellie misluk nie; wat gevaarlik is, is dat 'n helegslag sonder protes sal verbygaan.“

— N. P. van Wyk Louw.

Enkele weke gelede het die jong Franse digter, Guibert, ons toegesprek oor die letterkundige herleving in Frankryk wat gevolg het op die Duitse inval.

Dis bekend hoedat die gees van die gemiddelde Fransman van vóór die inval vervlak het, hoedat die morele peil gedaal het tot 'n stadium wat maarskalk Petain bestempel het as 'n algemene gebrek aan karakter. Weliswaar het ons gehoor van voortdurende politieke skommelingen en broedertwis; maar oor die geheel gesien, was die breër volksmassa tevrede met 'n najaag van uiterlike genietinge ten koste van die dieper waardes wat die sg. volksiel vorm.

Toe het die Duitsers Frankryk binnegeval, sy leërs weggeveeg, oor sy vestings gestap en sy bodem beset. Die trotse Fransman moes die knie buig voor die gewelddenaar: Frankryk het die stryd verloor! Maar vandag blyk dit dat Duitsland aan Frankryk die grootste diens bewys het wat die een volk ooit 'n ander kan bewys. Juis in sy poging om die Franse gees te bind, het Duitsland die teenoorgestelde laat geskied: die Fransman het vuur gevat, die doodsbekendere het lewe gekry, die Franse siel is uit sy doodslaap van geestelike vermurwing met één felle donderslag wakker geskud.

'n Weerstandsbeweging het verrys; die verskriklike haat teen die oorheersers het die broederskap laat herlewe. Die gevallenes in hierdie ongelukke stryd het martelare en heldes geword. Dit was weer 'n eer om vir die Vaderland te sterwe. Jong seuns en dogters, manne en vroue in die fleur van hul lewe; kommuniste, sosialiste, fataliste, hedoniste, materialiste, gerimpelde ou moeders en bewende grysaards — almal het hul laaste druppel krag ingegooi in die nuwe stryd, waarin hulle tot één hegte broederskap saamgesmee is met die vaandel van „VRYHEID“ vooraan!

'n Nuwe letterkunde, 'n nuwe digkuns het oornag opgebloeit. In die tronke, in die kampe, in die onderaardse gange, in die riole, in die bosse — het die wekroep weergalm: VRYHEID! VRYHEID!

Weg was die lakse selfingenomenheid, weg die valse aanbidding van die leë skynwaardes; weg, die vuig Jan Salie-gees. Die volk het weer gelewe in die diepste, volste sin van die woord, al het hulle broodsgebrek gely. Lees maar die gedigte van veroordeeldes; luister na die laaste woorde van die jong martelare: „Ons sterwe, sodat Frankryk sal lewe! Ons is die saad waaruit 'n nuwe boom sal groei! Lank lewe Frankryk!“

En Frankryk sal weer lewe, sy siel het weer ontwaak, danksy die smeltkroes waardeur Frankryk gestuur is. Wie sê nou nog dat 'n oorlog slegs verwoes? Paradoksale werktuig; en tog...

Dit laat 'n mens dink aan ons eie geestelike bewussyn. Is ons vandag veel beter as dié Frankryk van ses jaar gelede? „Want den zin van helle wezen der dingen, hebben wij bijna allen verloren. Zoo ook van die werkelikhed van het leven. Het leven is vir ons geen beweging meer van binne uit; wij beschouwen schlechden uiterlijken kant; steeds starend naar de omtrekken, de lijnen, de“

(Vervolg op bls. 4, kol. 1)

Rook Springbok-Sigarette

DIE WÊRELD IN OËNSKOU

DIE IRANIESE STRYDPUNT

(Deur Prof Dr. J. A. WIID)

Die wêreld begin langzaam gewoon te word aan berigte en gerugte van stryd en botsing tussen die V.S.A. en Brittanje aan die een kant, en Sowjet-Rusland aan die ander kant. Hierdie stryd tussen die wapenbroers van gister dreig om kronies te word en al het dit nog nie verder ontwikkel as die diplomatieke en propagandistiese stadium nie, sal dit alleen 'n wensdenker wees wat sal beweer dat dit nie op 'n kragmeting sal uitloop nie waar die een kant of sal moet buig of met ander wapens as papierbomme sal moet veg. Die eerste sal tot gevolg hê die verlies van nasionale prestige, die tweede 'n derde wêreldoorlog. Onder die baie strydpunte is dit veral Iran, die Persië van ouds, wat vandag wêreldwye aandag geniet.

WAAROM IRAN?

Waarom is dit dat Iran, 'n land met 'n klein, swak en arm volk wat in die huidige wêreldpolitiek tog geen positiewe rol kan speel nie, so skielik belangrik genoeg word om 'n nuwe moontlike wêreldbrand te laat ontstaan? Het die Iraniese strydpunt ontstaan omdat Sowjet-Rusland sy belofte aan Amerika en Brittanje gebreek het deur sy nie-ontruiming van Iran aan die begin van hierdie maand? Maar belofte-verbrekings het gedurende die laaste jare so veelvuldig onder groot-moondhede voorgekom sonder om ernstige strydpunte te veroorsaak, dat alleen 'n naiewe mens sal glo dat die Russiese belofte-verbrekings as sodanig insake die militêre ontruiming van Iran die Iraniese strydpunt in die lewe geroep het. Dit lê dus voor die hand dat ander faktore en oorwegings as 'n belofte-verbrekings in die Iraniese strydpunt op die spel is.

IRAN EN VROEËRE BRITSE EN RUSSIESE IMPERIALISME

Dit is nie die eerste keer dat Rusland en Brittanje buitengewone belang in Iran stel nie. Die imperialisme van die ou Tsaaristiese Rusland het reeds in 1885 met die Britse imperialisme oor Iran, of Persië, soos dit destyds genoem was, in botsing gekom. 'n Dreigende oorlog is voorgekom deur 'n vergelyk wat hierdie jaar getref is en waarvolgens albei moondhede die staatkundige onafhanklikheid van Persië gewaarborg het. Hierdie vergelyk het egter op onvaste fundamente gerus want deur Britse en Russiese lenings aan die Persiese regering het Brittanje en Rusland ook na 1885 herhaaldelik probeer om mekaar in Persië uit te oorlê. Alleen 'n Brits-Russiese bondgenootskap in die oorlog van 1914—1918 en die uitskakeling van Rusland uit die wêreldpolitiek as gevolg van die Bolsjewistiese revolusie, het tydelike verligting vir Brittanje gebring. Dit is veral gedurende hierdie tyd dat Britse kapitaalbeleggings in Iraniese oliebronne groot afmetings aangeneem het. Die vestiging van Britse gesag in die aangrensende Irak, 'n sogenaamde mandaat-gebied wat voor 1918 aan die Turke behoort het, het verder daartoe bygedra om Britse belange in hierdie dele in te graaf en te verskans.

RUSSIESE BELANGE IN IRAN

Aan hierdie toestand van sake het die Brits-Russiese bondgenootskap gedurende die jongste Wêreldoorlog en veral die oorlog self met sy oorwinning 'n radikale wending gegee. Gedurende die oorlog is Britse en veral Amerikaanse oorlogsvoorrade ens., in groot hoeveelhede oor Iran na die Russiese bondgenoot gebring. Vir hierdie doel is spoorlyne en gebande weë op groot skaal oor die bergagtige en primitief-agterlike Iran deur die Angel-Saksiese bondgenote aangelê. Iraniese sowereniteit is verkrag en Amerikaans-Britse

en ook Russiese troepe (so agterdogtig was hierdie wapenbroers reeds gedurende die oorlog op mekaar) het die land beset. Hierdie besetting sou tydelik wees en nou het die Russe nie alleen hul deel van die kontrak insake militêre ontruiming nie uitgevoer nie, maar onder die Iraniers het hulle vriende gevind wat in die provinsie Azerbaïjan, die graanskuur van Iran, 'n „outonome” gesag afgekondig het. Hierdie provinsie lê in die deel van Iran wat deur Russiese troepe beset word.

Die ũele Russiese optrede insake die Iraniese affêre getuig van groot agterdog teenoor sy Angel-Saksiese bondgenote. Vir Moskou is die Iraniese spoorlyne en gebande weë, wat hom van die onmisbare Angel-Saksiese oorlogstuig voorsien het, ook die spoorlyne en gebande weë wat vyandelike Angel-Saksiese leërs na die olieryke Koukasië en na die hart van Rusland kan bring. Op Iran sien hy vliegvelde vanwaar vyandelike vliegtuie sy eie nywerhede kan teister. Aan die ander kant kan 'n Iran, waar Moskou die hoogste woord voer van groot strategiese en ekonomiese waarde vir Sowjet-Rusland wees. Nie alleen grens Iran aan die warm Indiese Oseaan en Persiese Golf nie — en warm seewater is 'n skaars artikel in Rusland — maar ook aan Turkye, Irak en Indië. Vir die Rus besit Iran vir selfverdediging sowel as vir aanval groot strategiese waarde. Ook die Iraniese oliebronne het 'n aantrekkingskrag.

BRITSE BELANGE IN IRAN

Ook vir die Britte besit Iran groot ekonomiese en strategiese waarde. Net soos die Witwatersrandse goudvelde van 'n Boere-republiek is ook die ryk Iraniese oliebronne 'n ware Nabotse wyngaard. Deur die Anglo-Iranian Oil Company beskik Brittanje nie alleen oor 'n belangrike bron van inkomste nie, maar oefen hy ook groot invloed uit op die regering van Iran. Tot 'n sekere mate is die toekoms van Iran ook vir die oliebelange van die V.S.A. in die Persiese Golf en op Arabië nie sonder betekenis nie.

Afgesien van Iraniese olie is Iran van uiters groot strategiese waarde vir Britse belange in die Middellandse See en in die Verre Ooste. 'n Iran waar Moskou die hoogste woord voer, is 'n potensiele gevaar vir Britse belange in Turkye (die Dardanellen en die Middellandse See) sowel as ook die Engelse belange in Irak, die Suezkanaal en veral vir die Britse posisie in Indië en die Indiese Oseaan.

Oor Iran vind daar vandag 'n kragmeting van buitengewone belang plaas. Net soos Suid-Afrika met sy

S.V.R.-NUUS

Op die eerste vergadering van die 1946 V.S.R. is die volgende komitees saamgestel:

UITVOERENDE KOMITEE: Die voorsitter, mnr. Danie Moolman, asook mnr. B. A. Pany (sekretaris), Jaap Weidemann (asst.-sekretaris), Kan Sadie (tesourier), Jan de Villiers (Koekjan) (addisionele lid).

KLEUREKOMITEE: Mej. Elma Gerdener, mnr. J. Oosthuizen (konvenor), Jan Horn, Jan Burger, Chris Botha.

SPORTKOMITEE: Mnr. Jean du Plessis, M. L. van As, D. Swiegers.

SANG- EN VERENIGINGSKOMITEE: Mnr. Jan de Villiers, Koekjan de Villiers, mej. Isobel Murray. Die konvenor vir die gesamentlike sport- en sang- en verenigingskomitees is mnr. Jean du Plessis.

LENINGSKOMITEE: Mnr. Moolman, Sadie en Rennhackamp.

VERTEENWOORDIGERS OP DIE SENTRALE KLEUREKOMITEE: Mnr. J. Oosthuizen, J. Burger en J. Horn.

ARGIVARIS: Mnr. Hennie Marais. **BURO VIR VERLORE DINGE:** Mej. Ena Rust en mnr. Jan de Villiers (Wilgenhof).

REDAKSIE, Die Stellenboschse Student: Mnr. Koekjan de Villiers (redakteur), mnr. Gerjo van der Merwe (aast.-red.), mnr. R. Mohr (sekretaris).

SUB-REDAKSIE: Mejj. Elsa van der Merwe, Berta Smit, Brigitte Pappendick, mnr. Charl du Plessis, Chris Botha en Abraham Kriel.

* * *

Daar is besluit om 'n nuwe mikrofoon vir die V.S.R. aan te koop.

* * *

Die V.S.R. het eenparig besluit om 'n vriendelike en ernstige beroep te doen om beter voorsiening te maak in die geestelike behoeftes van ons studentegemeenskap deur die aanstelling van 'n vierde leraar met die studente as arbeidsveld. 'n Besluit in hier verve is ook reeds aan die einde van verlede jaar deur die vorige V.S.R. geneem.

* * *

Op 'n spesiale V.S.R.-vergadering vanmiddag sal die V.S.R. oorweging verleen aan die aanstelling van twee voorlopige dirigente vir Intervarsity deur die monstervergadering vir ongeveer vier sangoefeninge elk. Aan die einde van dié proeftydperk sal die studente die finale keuse kan doen. Die reglemente sal sodanig verander word, indien goedgekeur.

goud en geografiese ligging, is ook Iran die slagoffer van sy geologiese geardeheid (olie) en sy geografiese posisie as grensland nie alleen tussen die Ooste en Weste nie maar ook as grensland tussen botsende Russiese en Angel-Saksiese belange. Iran, met 'n groot historiese verlede (Darius en Cyrus) en met 'n onbenydenswaardige toekoms, is vir ons van belang as weerglas van dié onsekere verhouding tussen die „Drie Grotes” van vandag.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERERS

R. W. VAN RIJN
BRILMAKER

Bring u oogarts se voorskrif na my. Groot verskeidenheid in die modernste Brilrame, asook raamlose modelle. Spesiale afslag vir studente.



5DE VERDIEPING — GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD

BESOEK —

SUIKERBOSSIE
MELKSALON

en kom geniet julle ledige uurtjies in ons

BILJARTSALON

LIEFDE VEREIS KENNIS!

Laat Johann Calitz al u Liefdesprobleme oplos. Hy pos 16 lesings in MODERNE LIEFDE vir slegs £2 2s.

CALITZ-INSTITUUT vir Liefde, Posbus 180, Stellenbosch.

Alfred Blommaert

(Foon 48 en 176)

Kerkstraat,
STELLENBOSCH.

KRUIDENIERSWARE

- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

E. MARSH se

PAARL

STOOMWASSERY

tot u diens vir

- WAS
- DROOGSKOONMAAK
- KLEUR

Agente:

HENDRIKSZ

die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS

vir

BRAAIVLEISAANDE.

Andringastraat, Stellenbosch.

Vir

LEWENSASSURANSIE

Raadpleeg

W. S. MALHERBE

SANLAM

Kantoor: Birdstraat 13, Foon 486.

Huis: De Waalstraat, Foon 222.

STELLENBOSCH.

Foon 94

Santy se

Bottelstoor

En probeer ons

groot

verskeidenheid

Soetwyne

en keurige

Aptyt-dranksies.

Martin Luther — Die Vader Van Moderne Musiek

Verlede Dinsdagaand het die Musiekvereniging sy aktiwiteite begin met 'n baie geslaagde lesing deur dr. Con de Villiers, wat aan ons almal baie goed bekend is. Die onderwerp was „Martin Luther — die Vader van Moderne Musiek.” Die mooi opkoms was 'n goeie begin vir die jaar.

Luther is gebore op 10 Nov. 1483 en oorlede op 18 Februarie 1546. Deur die lesing is ons opnuut bewus gemaak dat hierdie jaar die vierde eeufees van die groot musikus en hervormer, Martin Luther, is. Ongelukkig sal dit nie in sy geboorteland kan gevier word nie.

Dr. Con de Villiers het die pre-reformatoriese kerkmusiek, soms verkeerdlik genoem Katolieke Kerkmusiek, beskryf. Kenmerkend hiervan was dat die teks in Latyn was dus kon die gewone mens dit nie verstaan nie. Daarom kon alleen oefende persone die mis uitvoer. Dit is dan gedoen deur die koor, bestaande uit seuns- en mannestemme (vrouens is nie toegelate om in die koor te sing nie). Gemeentesang was dus vreemd. Dit was dan ook hoofsaaklik polifoniese musiek n.l. ons vind tot 12 verskillende stemme wat sonder begeleiding saamsing om 'n artistieke harmoniese geheel te vorm. Dit staan bekend as wisselsang.

Luther het die waarde van gemeentesang vir die kerk besef. Hy

skryf toe gesange en maak vertalings uit Latyn wat die koorsang aanvul. Luther maak ook dikwels gebruik van volkswysies vir gewyde teks. Dit kon hy doen omdat die verskil tussen gewyde en ongewyde musiek toe nog nie so groot was nie. So is die kerklid geskep waaruit ontwikkel het die korale wat vandag aan ons bekend is. Luther begin ook om homofoniese musiek te skryf wat verskil van polifoniese in soverre dat daar akkoord begeleiding is en dat daar 'n melodie deur een of meer stemme uitgebring word en harmonisering van ander stemme plaasvind. So is die grondslag vir ons moderne musiek gelê.

In 1524 het die eerste gesangboek met sewe gesange verskyn en twee van die oorspronklike wysies het ons vandag nog behou. Luther is veral bekend vir sy vertalings en oorspronklik het hy 32 tekse geskryf. Alhoewel sommige mense beweer dat hy 117 korale geskryf het, kan daar met sekerheid van sewe tot tien gepraat word. Daarby was Luther 'n fyn-opgeleide musikus met 'n gawe daarvoor en raadgewer by die opstel van gesangboeke.

Dr. de Villiers het die voorbeelde opgehelder deur plate te speel. Hy het ten slotte gesê dat waar hy met so 'n groot gees te doen het, daar so baie te sê is, maar tog is hy stom.

Die Verleidelike Word Verlei „Suster Beatrys” op die Planke

Soos enige weke gelede in hierdie kolomme aangekondig, word op Vrydag en Saterdag, 5 en 6 April, die bekende mirakelspel deur Maurice Maeterlinck, „Suster Beatrys,” deur die Akademie vir Dramakuns in die C.S.V.-saal opgevoer.

Hierdie beroemde verhaal het reeds in tweehonderd verskillende vertalings die lig gesien, en nou word dit die publiek ook in Afrikaans aangebied.

Die hoofrol, n.l. dié van suster Beatrys, word vertolk deur Alida Gericke, wat goed bekend is in voordrag en toneelkringe. Na die oefeninge te oordeel, ly dit geen twyfel in dat sy op meesterlike wyse daarin slaag om die fyn en teer Beatrys uit te beeld. Haar stem, tegniek, gebare en gesigspel is meer as genoeg om enige toeskouer se hart week te maak.

Tenoor haar as verleidelike prins Bellidor, tree Morkel van Tonder op. U sal hier die geleentheid hê om liefdesverklarings aan te hoor en te aanskou wat die hart onstuimig laat

klop.

Die rol van die heilige maagd word deur Una Dönges vertolk, wat, nadat Beatrys die klooster saam met Bellidor verlaat, eersgenoemde se pligte getrou waarneem en die oorsaak is van die wonder wat geskied...

Willie Olivier is die priester, Louisa Richter (Flos) die abdis, en die ander deelnemers, die volgende: Anna Bosman, Doreen Brink, Marie Jackson, Heloise van der Merwe, Martie Viljoen, en Hermana Rousseau. Daarby kom nog die bedelaars soos Johan Jones, Frekie Stassen, Delpoort, ens.

Die kaartjies is 3/- (bespreek en onbespreek) vir publiek, en 2/- (bespreek en onbespreek) vir studente.

Bespreek vroegtydig by die C.S.V.-Boekhandel en maak so seker van u plek en dié van u Beatrys.

student het na 'n taai reeks uitdunwedstryde, die Tennis-enkelkampioenskappe van U.S. verower. Mooi so!

ONS KERKLIED

Gistraand het *Dr. P. J. Loots* ('n vroeëre Intervarsity-dirigent van U.S.) van Noorder-Paarl, 'n interessante lesing gehou voor Polumnia oor die onderwerp „Die Gereformeerde Kerklid.”

Die boeiende wyse waroep hy, in die kort tydjie tot sy beskikking, so 'n wye onderwerp behandel het, getuig van sy deeglike kennis van die onderwerp. Onthou sal word dat hy ook voor die jongste Sinode 'n referaat oor „Die Kerklid” gelewer het.

PROFESSOR VERJAAR

Prof. dr. G. B. A. Gardener vier D.V. Sondag e.k. sy verjaarsdag. Namens al sy studente van harte geluk. Gods rykste seën u toeged!

Chrystal Blomkamp en Erica Paulsen

In die Openingskonsert van die Musiekvereniging, vanaand, Vrydagaand, om 8 uur, in die Conservatoriumsaal, tree *Chrystal Blomkamp* (klavier) en *Erica Paulsen* (sopraan) op, en 'n baie aangename aand word in die vooruitsig gestel.

Die Musiekvereniging was gelukkig om twee sulke belowende kunstenaresses te kry vir hierdie eerste konsert. Chrystal Blomkamp is welbekend in musiekkringe in Johannesburg en die Transvaal, waar sy al vir etlike jare optree in konserte en uitsendings waarneem. Oral word met groot lof van haar belowende talent gepraat. Sy is na Kaapstad uitgenooi waar sy met die Stadsorkes opgetree het (verlede Donderdagaand met die orkes in die vierde Beethoven-klavierkonsert), en nog sal optree voor sy vertrek na die Rand. Daar is baie gunstige kritiek uitgespreek oor haar spel, en sy kan werklik beskou word as een van die belowendste kavierkunstenaresses in ons land.

Haar program sluit in „In dir ist Freude” van Bach-Busoni, Sonate in F-kruis-groottert, Op. 78 van Beethoven, die Carnaval van Schumann, Carcarolle van Chopin, en L'Isle Joyeuse van Debussy.

Erica Paulsen is aan ons almal bekend en ons verwelkom die geleentheid om haar te hoor in 'n program van haar eie. Ons voel oortuig dat die hoë verwagtings van dié wat haar al gehoor het, oortref sal word. 'n Eerste volbloed-konsert is maar gewoonlik 'n berg vir die jong kunstenaar, maar merkwaardige prestasies in die verlede en steeds-groeiende vooruitgang is 'n groot bron van vertroue. Ons sien almal daarna uit om haar te hoor.

Sy sing 'n baie interessante reeks liedere: van die onoortreflike Wolf „Der Gärtner” en Richard Strauss „Heimkehr” tot die verhewe Bach „Es ist vollbracht.” Sy sing voorts 'n paar moderne liedere van o.a. Michael Head „I heard a Blackbird singing,” „In die stille van my tuin” deur Arnold van Wyk, tot „At the Well” van Hageman, met sy ontwykende ritme en vreemde woorde. Sang van die hoogste gehalte, voel ons, sal hier gelewer word.

Ons doen 'n beroep op alle lede en belangstellendes om hierdie konsert by te woon. 'n Uiteraars aangename aand word belowe.

(Vervolg van bls. 2, kol. 4)

quantiteit.”

Laat ons bid vir 'n ontwaking, 'n herlewing in ons eie geleedere. Honderd jaar lank al dra ons die teken van die verowerde. Ons het die veroweraar hier te lande liefgekry. Ons siel het moeg geword vir die stryd; ons het die wapen lankal begrawe.

Maar laat ons 'n keer luister na die roepstem van ons eie martelare in hierdie honderd-maal ongelyker, onregverdiger stryd van ses-en-veertig jaar gelede, soos vertolk deur die digter N. P. van Wyk Louw:

„Ons sot soos honde wees wat mak is ná die sweep en nou die hand lek wat geslaan het as ons waag om hier te staan en julle sterfte en die greep van ons verneeding dra in deemoed sonder vraag!”

„Waar swakheid uitgemoor is, durf net die krag bestaan; waar liefde en sagtheid so geskend is, net die haat; jul sal die sterkstes wees, jul sal ons oë slaan met helderheid, ons hande krag gee vir die daad!”

(Uit „By die Monument”)

Ons heldeverlede eis 'n ontwaking. Wanneer sal ons ontwaak?

ONDERSTEUN
DIE ALOMBEKENDE FIRMA

R. MÜLLER

Beroemd vir

DIENS EN KWALITEIT VAN
BENODIGDHEDE.

Ons spesialiseer in Musiekhandel en maak aanspraak daarop dat ons voorrade die grootste verskeidenheid bied; die volledigste is en altyd die nutste insluit.

TEORETIESE EN TEGNIESE
BOEKE WAT HANDEL OOR
ALLE VERTAALINGS VAN
DIE KUNS.

R. MULLER

(EENS.) BEPK.

Pleinstraat, STELLENBOSCH

S W E M

Leer om GOED te swem vir
slegs 10/- Bestel jou lesings
direk vanaf

TARZAN-SWEMSKOOL
Posbus 148 — Stellenbosch

CANARIS BROERS

vir

VRUGTE,
GROENTE,
LEKKERS,
SIGARETTE, ens.

Andringastraat, Stellenbosch

**Janie Gooi
Haar Flickers**

Deur Kenneth Horne, uit die Engels
vertaal en verwerk deur M. Steyn
van Rooyen

OPGEVOER DEUR

**Anton
Ackermann**

met

Pikkie Uys

en

**Johan Brewis
IN DIE
STADSAAL
STELLENBOSCH**

Vrydag, 5 April

TOEGANG:

Volwassenes:
4/- bespreek; 3/- onbespreek.

Kinders:
2/8 bespreek; 2/- onbespreek.

Plekbespreking by die
C.S.V.-BOEKHANDEL

UIT DIE KWEESKOOLO

PROFESSOR ONGESTELD

Prof. dr. B. B. Keet, dekaan van die Fakulteit van Teologie, is ongesteld, en kon nie sy klasse hierdie week waarneem nie.

DAAR WORD SOMMER GEPREEK!

Sondag e.k. lewer twee Teologiese kandidaat hulle proefpreke, t.w. *mnr. Awie Viljoen* vir wie as paranimfe optree *mnre. Izak Fourie*, *Bennie Cronje* en *Frans Dreyer* in die Moederkerk om 3 uur n.m.

Om 4.15 n.m., ook in die Moederkerk, volg *mnr. Zachie B. Badenhorst* met sy gevolg van paranimfe *mnre. Pieter Visser*, *David F. van der Merwe* en *Jaap A. C. Weidemann*.

TENNISLOUIERE NA DIE KWEESKOOLO

Martin Theunissen, 'n tweedejaar-

**WERELDREKORD WORD
GESLAAN**

(Vervolg van bls. 6, kol. 4)

moonlik wou hou ten einde te verhoed dat die swart-en-wit dwarsbalkie nie miskien per ongeluk afwaai as sy daarvoor gaan nie.

„Die wêreldrekord staan op 5vt. 5½dm., dames en here. Mej. van Heerden sal nou op 5vt. 5 dm. probeer...”

Haar eerste sprong was hopeloos te laag, haar tweede weinig beter. Die skare het gekreun van teleurstelling — iets wat nie eintlik daartoe bygedra het om Esther se oorspanne senuwees te kalmeer nie.

Toe sy egter daardie derde aanloop begin, het haar vaste en ferme tred haar vasberadenheid verrai en sy het los oorgeseil.

Vir 'n paar oomblikke het dit gedawer. 'n Mens het gevoel jy moet uiting gee aan jou gevoelens: die wêreldrekord was weliswaar nog nie geslaan nie maar dit was reeds asof dit genoeg was om 'n mens trots te laat voel dat jy op daardie oomblik ook Afrikaner is.

Intussen het die beamptes koersagtig te werk gegaan met maatstokke. Ek kan nog onthou hoe twee seuns — so twaalf-dertien jaar oud — net voor my te kere gegaan het. „Hoekom skuif hulle nie nou op nie,” het een gekla, „Ek hardloop nou-nou weg.”

Die spanning het elke sekonde toegeneem. Die dwarsbalk is opgeskuive, daar is gemeet, weer gemeet; die grond onder die dwarsbalk is mooi gelykgekrap, en daar is weer gemeet. Esther het ongeduldig in die agtergrond rondgetrap — sy was blykbaar té opgewonde om te rus.

Eindelik was die formaliteite verby en met 'n half-bewende stem het die aankondiger gemeld dat „Mej. van Heerden nou sal probeer om 'n hoogte, wat 'n nuwe wêreldrekord sal wees, oor te gaan.”

Die eerste sprong het weer misluk. Maar hierdie keer het die skare nie so teleurgestel gelyk nie. Esther het weer 'n rukkie gerus, toe netso vasberade, as wat met die vorige hoogte die geval was, na vore getree, haar pas versnel en gespring.

Soos ek reeds gesê het: sy het die dwarslat geraak, maar sy was oor. Die was, soos die geëikte uitdrukking soms lui, „alles oor.” Esther van Heerden het die wêreldrekord vir vroue in die hoogspring op 5vt. 5.375 duim gestel. Daar is nog 'n hele rukkie gepas en gemeet. Maar daar was geen klaarblyklike haakplek nie. Dit was 'n wêreldrekord.

Hierdie rekord is erken as S.A.-rekord, maar hoewel dit voorgelê is vir erkenning as wêreldrekord, is daar, weens die feit dat atletiek tot onlangs op internasionale gebied ontwrig was, nog geen amptelike mededeling hieromtrent van die Internasionale Atletiekfederasie ontvang nie.

'n Mens wonder of daar ooit weer 'n wêreldrekord in die skaduwee van die Pieke geslaan sal word!

Hier Is Dit!

„Soeter die werklikheid hier as die droom...” (Visser)

• KOM WEES IN HARMONIE met SIGEUNER-ATMOSFEER en FYN-GEREG!

Saterdag, 30 Maart
CONSERVATORIUM

HARMONIE bied u haar Beste!

**Hulle Hou Die
W.P.-Titels
1941**

MANS

100 tree: J. Potgieter (U.S.) 10 sek.
220 tree: J. Potgieter (U.S.) 22 sek.
440 tree: D. Swart U.K.) 50.4 sek.
880 tree: D. le Roux (H.H.) 2 min. 0.2 sek.

1 myl: D. le Roux (H.H.) 4 min. 31.6 sek.
3 myl: P. de Witt: (U.S.) 16 min. 11.8 sek.

Marathon: P. J. Louw (L.P.) 3 uur 41 minute.

120 hekkies: J. van der Merwe (U.S.) 15.4 sek.

220 hekkies: C. van der Merwe (U.S.) 25.8 sek.

Hoogspring: B. Blommaert (U.S.) 6 vt. 1 dm.

Verspring: L. Allen (U.S.) 21 vt. 8 dm.

Paalspring: B. Blommaert (U.S.) 11 vt.

Gewigstoot: W. Nel (S.A.P.) 43 vt. 1½ dm.

Diskus: E. P. Malan (O.V.S.) 146 vt. 2½ dm.

Spiesgooi: J. Krige (U.S.) 181 vt. 2 dm.

Een myl aflos: Stellenbosch: 3 min. 39.1 sek.

W.P.-rekord is geslaan met diskus en gewenaar oor 220 tree.

DAMES

100 tree: C. van Zyl (Paarl) 11.5 sek.

220 tree: C. van Zyl (Paarl) 25.7 sek.

80 meter hekkies: A. Hanekom (P.) 12.3 sek.

Hoogspring: E. van Heerden: 5 vt. 5.375 dm.

Diskus: S. Bekker (U.S.) 95 vt. 3 dm.

Gewigstoot: H. Lubbe (U.S.) 34 vt. 5 dm.

Verspring: C. van Zyl (P.) 17 vt. 2 dm.

Spiesgooi: S. Bekker (U.S.) 99 vt. 4 dm.

Wêreldrekord: Hoogspring. W.P.-rekord: 220 tree.

„Die Matie” wens mnr. Jaap Weidemann en Piet Visser van harte geluk met hulle proefpreke. Dit dien vermeld te word dat die „Kraaie” van Wilgenhof met die diens van mnr. Weidemann gesing het.

Vanaand vind die openingskonsert van die Musiekvereniging plaas. Twee welbekende kunstenaresses nl. mej. Chrystal Blomkamp en Erica Paulsen tree op. Ons reken op u ondersteuning in die Conservatoriumsaal.

Mej. Lenie Roos, 'n ou bekende onder die Maties, was die afgelope naweek as gas in Huls de Villiers.

Eersdaags bied mej. Susan van Wyk die drama „Suster Beatrys” van Maeterlinck aan in die C.S.V.-saal. Mej. Alida Gericke speel die hoofrol bygestaan deur mej. Una Dönges, mnr. Morkel van Tonder, e.a.

G. E. HENDRIKSZ
so viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.

Onder Onsies

Onder die Maties wat Stellenbosch verlede jaar vir goed verlaat het, is mej. Ene en Rykie Joubert. Hulle doen tans Sosiale Werk in Port Elizabeth en Kaapstad onderskeidelik.

Mej. Daphne van den Bergh van Huis-deVilliers vier vandag haar verjaarsdag. Baie geluk, Daphne!

Eerskomende Saterdagoggend word daar in die C.S.V.-saal 'n Blommeskou gehou. Kom kyk of neem self deel.

Was u al ooit „On Ye Olde Village Greene”? Of by 'n „Balle a la Masques”? Kom seker Saterdag die 13de April na Huis-deVilliers!

Marie Barnard van Harmonie het verlede week haar verjaarsdag gesellig saam met haar maters gevier.

Alle Matie tennis-entoesiaste wens mej. Eugene Fraser geluk met haar tenniskampioenskap oorwinning wat verlede Woensdag afgespeel is.

Mnr. Tjaart Olivier, oud-Wilgenhoffer, wat verlede jaar die S.O.D. behaal het en wat tans werksaam is op Beaufort-Wes kom eerskomende Saterdag weer Matieland besoek.

Mej. Rita van Niekerk, wat verlede jaar die LL.B.-graad behaal het, is gedurende die vakansie verloof aan mnr. De Vries van Burgersdorp. Sy is op die oomblik werksaam in Johannesburg.

In ons verbeelding het ons saam met die B.T.Kaners slee gelê, toe hulle verlede Dinsdagaand oor die radio 'n treffende program gereël het. Vrolike B.T.K.-liedjies is met hartelus gesing. Die gees van die toer is sommer weer aangewakker en ons hoop dat u hierdie vakansie seker gaan.

Moenie vergeet om te skiet vir Saterdag se Sigeuner-aand nie. Kom lag, dans, speel en geniet die aand in die Conservatoriumsaal.

WEET U?

U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.

**Boeke oor Kuns ter
Verryking van U
Geestelike Lewe**

- ART THROUGH THE AGES
deur Helen Gardner 22/-
- THE ARTS AND MAN
deur Raymon S. Stites 45/-
- AUGUSTUS JOHN
deur John Rothenstein 25/6
- DONATELLO
deur L. Goldscheider 25/6
- LEONARDO DA VINCI
deur L. Goldscheider 31/3
- PIERNEEF — DIE MAN
EN SY WERK
deur J. F. W. Grosskopf 43/-
- U KAN HIERDIE BOEKE NET BY
EEN PLEK KOOP EN DIT IS
- C.S.V.-BOEKHANDEL**
Pleinstraat — — — Stellenbosch

DAMES!!
Koop u reënjasse en reënsambrele vanjaar vroegtijdig om teleurstelling te voorkom!
E. LE ROUX (EDMS.) BPK.
(langs die Good Hope Café)

ROMANS

**AFRIKAANS
ENGELS
AMERIKAANS**

**Liefdesverhale,
Speurverhale,
Humoristiese Verhale**

Nuwes word gedurig ontvang

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

Tel. 18 PLEINSTRAAT, STELLENBOSCH Posbus 29

SAL MATIES MÔRE WEEREENS DERTIEN TITELS KAN BUIT?

Atletiekkampioenskappe Van W.P. Word Na Vyf Jaar op Coetzenburg Beslis

Môre word die eerste na-oorlogse atletiek-kampioenskappe van die Westelike Provinsie op Coetzenburg beslis. Toe daar laas op 29 Maart 1941 op dieselfde baan om die titels megeding is, is een wêreldrekord, twee W.P.-rekords en drie Stellenboschse rekords geslaan, en wanneer in ag geneem word dat die atletiek, wat môre opgedis sal word, ongetwyfeld van 'n hoër standaard sal wees, kan puik vertonings, en miskien weer 'n paar nuwe rekords, ver wag word.

U.S. het 'n sterk span ingeskrywe, maar ons manne en dames sal bepaald goed moet vaar indien hulle die prestasies van die 1941-span wil ewenaar. Daardie dag het die mans tien uit negentien titels gebuit, terwyl twee dames suksesvol was met drie titels. Die Maties verkeer egter in 'n puik toestand van afrigting — mag hulle die nodige ondersteuning van hul studentemaats kry!

Vyf jaar het verloop, en gedurende hierdie tydperk moes die ouer atletiekgeslag plek maak vir 'n jonger garde wat steeds van krag tot krag gegaan het. Terwyl senioratletiek as gevolg van oorlogsomstandighede feitlik morsdood was, het die juniors die pas altyd meer versnel, en dit is dus nie verbasend dat daar môre slegs twee atlete is wat titels sal verdedig nie. Hulle is mej. C. van Zyl, wat so pas van oorsee na die Paarl teruggekeer het, en Arie Joubert, wat daardie dag die versperringswedloop gewen het.

Die uitblinkers wat môre die toon sal aangee sal egter nie onbekend by die toeskouers wees nie. Hulle is almal mans en vroue wat as juniors reeds roem verwerf het, en, na verneem word, het elke beskikbare atleet in die Westelike Provinsie ingeskrywe in 'n poging om die louere te buit.

In die 100 TREE kry DANIE HUGO, die „Matie-vuurpyl,” dan met sterk teenstand te doen. Sy klubmaats KNOTT, RAS en VISSER, en WOODS (U.K.), MASON, 'n oud-juniorkampioen, en LESLIE ALLEN, die oud-Matie, wat ook gereëld naby 10 sekondes behaal, neem deel en die wedloop sal taal uitgeveg word. Hugo behoort te wen en sy tyd sal stellig 10 sek. of selfs vinniger wees.

Ook oor die 220 TREE kan die Matie beswaarlik uit die eerste plek gehou word. Hy sal selfs nie eers soveel teenstand ondervind as in die 100 tree nie en hy staan 'n goeie kans om sy eie W.P.-rekord van 21.9 sek. te slaan.

Die KWARTMYL behoort 'n baie interessante wedloop op te lewer. HENNIE VAN HEERDEN, die oud-Matie-kampioen, het tot dusver hierdie seisoen nog nie die vorm, wat hom verlede seisoen tot binne eentiende van 'n sekonde buite Denis Shore se W.P.-rekord van 49.2 sek. gebring het, herwin nie.

Môre kry hy dit veral met klubmaats te doen en Stellenbosch behoort die eerste drie plekke te vul. LOUIS VAN BILJON, die S.A.- en W.P.-juniorkampioen, en WALTER ROUX, het beide reeds 50 sek. en 50.2 sek. hierdie seisoen behaal, maar Van Heerden behoort môre weer op stryk te wees. Dit sal die beste wedloop van die middag oplewer en die wenner sal stellig onder 50 sek. aanteken.

HOE IS HEYNS SE VORM?

TINKIE HEYNS, die kranige U.K.-atleet, wat reeds twee oorwinnings oor Gideon Bosman, van S.T.V.I., op sy kerfstok het, maak na 'n lang afwesigheid weer sy verskyning in die 880 en een myl. Heyns hou tans skool en daarbenewens moet hy nog aan U.K. studeer, en daar word reeds weke lank gissings gemaak oor sy moontlike vorm.

Hy het nie eintlik besondere teenstanders in bogemelde nommers nie. In die 880 is daar GERHARD ROUX en EVERT KLEYNHANS (beide U.S.) en KRYNAUW en PURCHASE van die stad, terwyl MINNAAR (U.S.), PURCHASE en LA GRANGE (U.K.) sy sterkste teenstanders oor die myl sal wees. Selfs al sou Tinkie egter nie heeltemal op stryk wees nie, behoort hy goed genoeg te wees om beide titels in te palm.

PIET LABUSCHAGNE is geen onbekende op Stellenbosch nie. Hy is puik afgerig en behoort die 3 myl binne rekordtyd af te lê daar hy sterk opgekeil sal word deur COETZEE, ook van Spartan Harriers, en RETIEF (U.K.).

Die hekkiesnommers belowe om puik vertonings op te lewer. BEN LE ROUX, een van U.K. se beste atlete in die afgelope jaar en voormalige S.A.-juniorkampioen, neem weer deel na sy terugkeer van militêre diens, en ERIC WOODS, ook van U.K. sal ook oor die 120 tree meeding.

In die veldnommers is die inskrywings minder volop maar JAAP FURTER, COETZEE (Garnisoen) en FULLER sal vir goeie vertonings sorg. In die hoogspring neem NEETHLING en BRODIE (U.S.) sowel as DE VILLIERS (U.K.) deel, met RAS (U.S.), HUGO (U.S.) en KNOTT (U.S.) in die verspreng.

Die mans-afloswedloop oor een myl (880, 220, 220, 440) belooft om een van die hoogtepunte te vorm. Stellenbosch het 'n besondere sterk span met Hennie van Heerden, Gerhard Roux, Daan Hugo en Jan Visser en die Maties is die gunsteling vir die wedloop, hoewel Pinelands stellig ook hulself deeglik sal geld.

MATIE-DAMES SE KANSE

Vroue-atletiek gaan ook met rasse skrede vooruit en nie minder as nege dames het vir die 100 tree ingeskrywe nie. Elsa Stegmann (U.S.), Cecilie van Zyl (Paarl), die huidige kampioene en Iris Cooper (Pinelands) sal om die louere veg, met mej. Cooper die moontlik wenner oor 100 tree en mej. Van Zyl oor die 220 tree.

Uitslae Van Puntereeks

Al die baan-nommers in die puntereeks kompetisie van die Atletiekklub U.S. is tans afgehandel en die volledige uitslae is soos volg:

100 tree: R. Knott 1; J. Visser 2; L. van Biljon 3. Tyd: 10.5 sek.
220 tree: J. Visser 1; F. Ras 2; R. Knott 3. Tyd: 23 sek.
440 tree: W. Roux 1; D. Hugo 2; H. van Heerden 3. Tyd: 50.2 sek.
880 tree: G. Roux 1; H. van Heerden 2; W. Roux 3. Tyd: 2 min. 2.5 sek.
1 Myl: G. Roux 1; P. Smuts 2; J. Smith 3. Tyd: 4 min. 32.5 sek.
2 Myl: G. Roux 1; P. Smuts 2; J. Preuyt 3. Tyd: 10 min. 22 sek.

En Ikeys Was Weer Bobaas?

„Die Maties kan nie meer Inter-Varsity hou nie,” het iemand verlede Saterdag na afloop van die bokbalwedstryde op Rosebank verklaar. „Hulle sing asof hulle in die kerk sit en hulle spanne speel dienooreenkomstig beroerd swak.”

UITSLAE?

I U.K. 18 — U.S. 6.
II U.K. 6 — U.S. 12. (Veels geluk!)

SANG? — U.K.! Die Maties is blykbaar nie eers daar toe die eerste-span gespeel het nie.

Kan Stellenbosch dan nie meer soos ware sportmanne verloor nie?

'n Dametjie wat op Coetzenburg 'n Wêreldrekord Geslaan Het Hoogtepunt Met Vorige Beslissing Van Atletiektitels van W.P.

'n Lang skraal dametjie maak haar voor 'n reuse-skare, wat in byna ademlose spanning wag, gereed om 'n sprong oor die dwarsbalk te waag. Indien sy slaag, sal sy 'n wêreldrekord slaan; die toppunt van 'n roemryke loopbaan, die kroon op die prestasies van die grootste vroue-atleet wat Suid-Afrika nog opgelewer het. Sy kom vasberade nader, spring en raak met die agterkant van haar been die dun lat: dit skud op en af, lyk of dit val . . . en bedaar stadig.

Ek was een van die gelukkige skaar toeskouers wat daardie dag hierdie merkwaardige vertoning aanskou het. Esther van Heerden — dit was haar naam — het reeds in 1940 begin opgang maak, veral met hoogspring en daar is ver wag dat sy daardie dag op haar eie S.A.-rekordhoogte van 5vt. 3½ dm. sou verbeter. Dit was daardie middag besonder

interessant om die reaksie van die skaar mense waar te neem. Toe daar aankondig is dat sy reeds oor 5vt. 4dm. spring en dus 'n nuwe nasionale rekord opgestel het, is sy luid toegejuig. 'n Paar minute later het die aankondiger — ek dink dit was die bekende mnr. Raubenheimer van die Paarl — aan die lig gebring dat Esther nou slegs een duim onderkant die wêreldrekordhoogte is.

Die lawaai het dadelik bedaar. Dit was asof elkeen die lug so stil as (Vervolg op bls. 5, kol. 1)

GEBRS. DE WET

2

HALFPRYS DAE

Vrydag en Saterdag 29 en 30 Maart, '46

• KOM BESIGTIG DIE KOPIES EN BESPAAR GELD •
HIER IS 'N PAAR VOORBEELDE:

250 DAMES TABBERDS, geblom en effekleurig in al die nuutste patrone.

200 paar DAMES SKOENE teen halfprys.

95 paar MANS SKOENE teen halfprys.

12 paar MANS GOLFSKOENE met rubbersole, was 42/,-, nou 27/9.

24 MANS ENKEL en DUBBELBORS-PAKKE, was 109/,-, nou 79/6.

50 SAFARI-BAADJIES, was 54/3, nou 30/,-.

Gebrs. De Wet (Edms.) Bpk.

Foon 20

STELLENBOSCH

Posbus 21

Skoenhersteldiens

Binne



lewer

VICTORIA-SKOENWERKE

(EDMS.) BEPERK

alle Skoene terug

• MASJENHERSTELWERK
• UITHALER-MATERIAAL
• VASGESTELDE PRYSE

Ontvangsdépot:

Dorpstraat

(Langs Vertaal-Buro)